

24 April

Skrifgedeelte: Esegïel 9-10:17

Fokusgedeelte: Esegïel 9:5

God se oordeel is 'n werklikheid

Dit is nou maar eenmaal so dat mense nie graag slegte dinge wil hoor nie. So gaan dit selfs met die Bybel. In jou persoonlike Bybelstudie kan dit maklik gebeur dat 'n mens bly stilstaan by geliefkoosde gedeeltes, veral die gedeeltes wat praat van God se genade, sy liefde en nabyheid. Die boodskap van oordeel wil jy liefs nie hoor nie. Om die Bybel egter so selektief te lees is eensydig. Die volle Woord moet aan die orde kom, ook die oordeel. In die boeke van die profete kom die oordeel duidelik aan die orde en ons moet ook daarna luister. 'n Mens moet natuurlik onthou dat Esegïel 9 en 10 deel van 'n visioen is, sodat alles daarin nie letterlik opgeneem moet word nie. Tog bly die boodskap van oordeel waar. Die volk het God verwerp. Hulle het sy verbond verbreek en God ingeruil vir nietige afgode. Daarom verkondig God aan hulle sy oordeel, en daardie oordeel sal in vervulling gaan. Omdat hulle God verwerp het gaan Hy hulle verwerp. Dit sou nie die einde van God se pad met sy volk wees nie, maar die verwoesting van Jerusalem was onkeerbaar aan die kom. Ons verdien ook God se oordeel, en dis alleen in Christus dat daar vir ons genade is. Hierdie genade is nie goedkoop nie en ons mag dit nie goedkoop maak deur te maak asof die oordeel van God nie 'n werklikheid is nie. Ons moet dit in ons eie lewe onthou, maar dit moet ook deel wees van die boodskap wat die gelowiges aan 'n ongelowige wêreld moet uitdra.

Sing: Psalm 36:2

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)